

Klets-Klas Gr R tot Gr 3 (ANTZ) - 30 Mei 2021

Jesus maak jou vry!

Johannes 3:1-17

gesels tyd (vervolg)

nie? Hy sou seker net 'n wurm bly en doodgaan, sonder om die pragtige skoelapper te word wat dit veronderstel is om te word. Binne in die wurmpie is die potensiaal of die vermoë om 'n skoelapper te word, maar vir dit om te gebeur, moet die wurmpie eers doodgaan.

Dink julle die wurmpie is bang om in die kokon in te gaan en dood te gaan? Ek dink so, al is dit net 'n bietjie. Hy weet mos nie wat gaan gebeur nie.

Vandag gaan ons iets wonderliks in die Bybel leer, iets amper soos die proses om 'n skoelapper te word.

Neem saam:

- 'n Wurm en 'n skoelapper
- Die lewensiklus van die skoelapper
- Afskrifte van die prent aan einde van die les
- Inkleurkryte

voorbereiding

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

bid tyd

Hierdie liedere is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

sing tyd

gesels tyd

Weet julle wat is insekte? Watter soorte insekte of goggas ken julle?

Wat maak jy as jy 'n wurm sien? Gril jy? Skree jy? Tel jy dit op? Maak jy dit dood? Hoe lyk 'n wurm en wat dink julle is die doel van 'n wurm?

As jy moet kies tussen iets so grillerig soos 'n wurm, of iets so mooi soos 'n skoelapper, watter een sal jy graag wil wees?

Het julle geweet dat 'n skoelapper eers 'n wurm was. Dis reg ja. Die mamma skoelapper lê haar eiertjies op 'n blaar. Wanneer die eiertjies uitborei, kom daar klein wurmpies uit. Hulle vreet aan die blaar en groei en raak groter. Tot op 'n dag wat die wurm so groot is dat hy homself in 'n kokon toespinn. Binne in die kokon gaan die wurmpie dood en verander in 'n papie. Die papie verander nog verder en ontwikkel vlerkies. Dan raak die kokon te klein en die papie breek deur die kokon en stoot sy vlerkies oop en word die pragtige skoelappers wat ons kry. Hierdie proses noem ons 'n metamorfose. Dis 'n groot woord om te sê daar is 'n proses waarin 'n lelike grillerige wurm kan verander in 'n mooi skoelapper.

Wat dink julle sou gebeur as die wurm hom nooit toespinn in die kokon

Liedboek 553 Ek is bly ek ken vir Jesus

Ek is bly ek ken vir Jesus
 Ek is bly ek is Sy kind
 En ek bly my hele lewe
 Aan die Here vasgebind
 Ek is bly ek het 'n Bybel
 Dat ek elke dag kan lees
 Kinders van die Here
 Het niks om voor bang te wees
 Kinders van die Here
 Het niks om voor bang te wees.

Liedjie: Die kleure liedjie

My hart was vol van sonde
 Voor Jesus my ontmoet: SWART
 Maar Hy het my vergewe: WIT
 Gereinig deur Sy bloed: ROOI
 Ek groei nou in die Here: GROEN
 Ek sal die Hemel sien: BLOU
 OP goue strate wandel: GEEL
 Wil jy ook die Here dien: O JAI!



BYBEL tyd

Terwyl Jesus op aarde was, het Hy vir mense geleer wat regtig in die Bybel staan. Baie van die mense wat slim was en jare lank al die Bybel ken, het dalk die Woorde van die Bybel geken, maar nie regtig verstaan wat in die Bybel staan nie.

Een man met die naam Nikodemus, het die Bybel geken en geweet wat in die Bybel staan, maar het nie regtig verstaan wat die Bybel eintlik bedoel nie. Hy het na Jesus geluister en in sy hart geweet dat dit wat Jesus vir die mense van die Bybel leer, die waarheid is, maar nogsteeds was daar dinge wat hy nie verstaan het nie. Jesus het vir Nikodemus gesê dat as hy nie weer gebore word nie, sal hy nie alles verstaan of in die Koninkryk van God kom nie. Dit het vir Nikodemus baie deurmekaar gemaak want hoe kan 'n ou man weer gebore word.

Kom ons lees die verhaal in die Bybel dat julle ook elke woord hiervan hoor en verstaan.

Lees vir die kinders voor uit Joh.3:1-17

Wat Nikodemus nie verstaan het nie, was dat God ons soos die wurmpie eintlik in onself wil laat doodgaan binne die kokon, sodat die skoelapper kan vorm en ons vry kan wees soos God bedoel het ons moet wees. Alhoewel mens nie fisies en regtig dood gaan nie, moet ons erken dat ons verlore is sonder God. Ons moet dood gaan vir die sonde. Ons moet kies om nie meer te doen wat God se hart ongelukkig maak nie, maar kies om elke dag te lewe soos Hy vra.

God is vir ons so baie lief. Hy het Sy Seun, Jesus aarde toe gestuur om namens ons dood te gaan vir sonde. Maar Jesus is nie meer dood nie, Hy het die dood oorwin. Hy het opgestaan en vir ons vryheid gebring.

In ons harte is die potensiaal om reg te doen. Om reg te kies. Om jammer te sê vir die sonde wat ons gedoen het en te kies om eerder dood te gaan vir die sonde en vry te lewe soos die skoelapper vir Jesus.

Jesus het nie aarde toe gekom om met ons te kom raas en te skel nie, Hy het gekom om ons vry te maak en ons te red. Luister weer wat sê vers 17

Joh.3:17: God het nie Sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.

Jesus het jou ook lief. Kies om dood te gaan vir die sonde en die wurm lewe, en kies om vlerke te kry en vry te wees in Jesus.

doen & leer tyd

Die lewe van 'n skoelapper

Ons het gehoor dat 'n skoelapper begin as 'n wurm wat later doodgaan en 'n papier vorm wat dan verander in 'n Skoelapper.


As ons vir Jesus aanneem dan verander ons en kry nuwe lewe in Hom.

Kleur die skoelapper se lewensiklus in en teken dan jou eie skoelapper onder op die papier. Onthou dat skoelapper ons net herinner dat ons ook 'n nuwe lewe in Jesus kry.


Moedig die kinders aan om vir iemand te gaan vertel wat hulle vandag geleer het.

groet tyd

Dankie Jesus dat U die sonde van die wêreld kom oorwin het. Dankie vir nuwe lewe in U. Amen



Die lewensiklus van 'n skoenlapper
Onthou dat Jesus vir ons nuwe lewe gee.



Teken hier onder jou eie skoenlapper en versier dit.

